Tjokkie WEEKBLAD

26 Januarie 2024 Uitgawe: 2/1/2024

## UIT DIE KANTOOR

Na die besige week glo ek elke ouer en kind is amper weer in hul roetine en sien uit na die naweek wat voorlê. Die sport is reeds voluit aan die gang met die krieketligas wat volgende week afskop. Kooroudisies is byna afgehandel en die Voortrekkers skop eerskomende week hul jaar af met 'n heerlike waatlemoenfees by die swembad.

**Oueraand:**

Baie dankie aan al die ouers wat Dinsdag- en Donderdagaand se ouerinligtingsaand bygewoon het. So aan die begin van die jaar is daar baie inligting wat gekommunikeer moet word en soms kan mens nie altyd alles onthou nie. Daarom nooi ek u uit dat, indien daar enige onduidelikheid of onsekerheid bestaan, u die nodige klasonderwysers of aktiwiteitshoofde kan kontak. Ek verwys u weer na die laaste bladsy van die tafelkalender waar u die kontakbesonderhede van ons onderskeie komitees sal vind. Ons vertrou dat hierdie bykomende inligting u meer voorbereid vir die jaar sal maak.

Indien daar nog enige ouer is wat beswaar wil aanteken teen die voorgestelde BELA-Wetgwing, let op die sperdatum van 31 Januarie. Kontak my gerus per epos sodat ek die voorbeeldbrief aan u kan stuur. In die epos sal daar stap vir stap die werkswyse verduidelik word. Gaan loer ook weer gerus op belabill@parliament.gov.za. Let daarop dat indien u die brief stuur, u 'n alternatief/oplossing moet voorsien. Baie dankie.

**Atletiek:**

Dankie aan die ouers wat saam met die onderwysers Woensdag se hitte aangedurf het by ons jaarlikse kleure atletiekbyeenkoms op die stadion. Afgesien van die hitte was dit 'n heerlike dag. Baie dankie aan mnr. Simon Nieuwoudt en juf. Bianca Faber wat aan die stuur van sake was. Baie geluk aan ons 5 atlete wat rekords opgestel het. Ons is trots op julle (sien uitslae).

Ons Gr.1-leerders het Donderdag hul atletiek gehad. Dankie vir die nuwe mammas en pappas wat hul kinders kom ondersteun het. Ons is opgewonde oor die nuwe talent.

**Belangrik om te onthou:**

Eerskomende Sondagoggend, 28 Januarie om 9:00, vind ons jaarlikse Tjokkie Kerkdiens by die Universitas Geloofsentrum plaas. Graag nooi ons alle Tjokkies en hul ouers om hierdie spesiale geleentheid by te woon. Ons versoek ook dat leerders hul skooldrag sal aantrek. Skoene is opsioneel.


Op Woensdag, 31 Januarie vind ons ouerbraai plaas. Vure word voorsien en sal reeds om 17:30 aangesteek word. Die skool het genoeg stoele, maar u is welkom om u eie kampeerstoele saam te bring.

## BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 26-28 Jan.: | Leerderraadkamp |
| 28 Jan.: | Tjokkie Kerkdiens (09:00) |
| 29 Jan.: | O/9 Krieketliga |
| | O/11 Rugbyproewe (17:00-18:00) |
| 30 Jan.: | O/11 Krieketliga |
| | O/13 Rugbyproewe (17:00-18:00) |
| | Veiligheidsvergadering |
| | Voortrekker Waatlemoenfees |
| | Voortrekker Kommandovergadering |
| 31 Jan.: | Tjokkie Ouerbraai |
| 1 Febr.: | O/13 Krieketliga (17:30) |
| | Gr. RR; Gr. R; Gr.1 - 2025 aansoeke open |
| 2 Febr.: | Tjokkie swemgala (Kovsies) |
| 3-4 Febr.: | IEC Registrasienaweek (skoolsaal) |

## VERJAARSDAE

26 Jan.: Marietjie Barkhuizen (Gr.1)



## ANDER

Baie geluk aan ons Gr. 7-groep van 2018 met hul puik Matriekuitslae. Verskeie oud Tjokkies is onder die Top 50 leerlinge in die Vrystaat. Hou gerus Facebook dop vir hul mooi prestasies.

# ATLETIEK

Baie dankie aan elke deelnemer en ondersteuner wat ons Kleuresport byeenkoms van 2024 suksesvol gemaak het. 'n Spesiale dankie aan elke ouer wat as beampte gedien het, ons waardeer julle baie!

**Die volgende atlete het rekords verbeter tydens hierdie byeenkoms:**

Mianique van Straten: D8 60m & 80m

Livé Kruger: D10 Gewigstoot

Katryn van der Westhuizen: D10 Gewigstoot

Hailey White: D12 75m Hekkies

Mikayla de Jonge: D12 Gewigstoot

Ons is ontsettend trots op elkeen van julle, asook op elke leerder wat sy/haar bes gedoen het en deelgeneem het. Welgedaan!

# REDENAARS






## UIT DIE BEMARKINGSKANTOOR

Kom geniet ‘n heerlike Saterdag saam met Tjokkies en bou aan ons Tjokkie-familie tydens die ROLBALDAG!!!!!




Doen aankope by Meditas Spar en gooi jou strokie in Tjokkies se “boks”. Spar gee ‘n persentasie van die totale bedrag wat in ons “boks” is terug aan die skool.



# TENNIS

Tjokkies Tennis

Super 4 sessie

(4 Spelers & 1 Afrigter)

R 800-00 P/Kwartaal



Inskryf via Whatsapp

(Tjokkies + Graad - Naam en Van )

073 623 4865 eliteprotennis@gmail.com

*Excelling Beyond Perfection*

KAALVOETKAFEE

**Kaalvoetkafee (Vicky of Geolène):**
**082 612 7756**
**E-posadres:**

Teen hierdie tyd moes alle nuwe Kaalvoetkafee kaarthouers reeds hul Lunchhub welkom-epos ontvang het.

Indien daar egter iemand se epos steeds in die epos-geweer vashaak, laat weet die Kaalvoetkafee gerus per whatsapp of epos by 082 612 7756 / kaalvoetkafee@tjokkies.co.za



expert Kloppers

www.kloppers.co.za
ecom@kloppers.co.za
051 400 5500
@KloppersSA

OFM asics EPSON Kloppers SPORT

# Kloppers Marathon
33 years running '24

Achilles Running Club Bloemfontein

## Saturday 10 Feb 2024

10km Free State Championships
21km Trial forFree State 42km Team

Comrades & Two Oceans Qualifier

| 42.2KM R250 | 21.1KM R180 | 10KM R130 | FUN run/walk 4.8KM R50 | New Beginnings Donation R50 |
|---|---|---|---|---|
| Starts 05:30am | Starts 05:45 | Starts 06:00 | Starts 06:15 | New Beginnings *Striking at the Roots* |
| ASA Licence needed | ASA Licence needed | ASA Licence needed | + Finishing MEDAL | |

( 2023 ASA licences are still valid or purchase a temporary licence for R50 )

**Fun Games & Prizes for Fun runners/walkers,**
**Medals for those who finish, Eats & Treats**
Schools keeps a share of the profits for tickets sold

WhatsApp for more info **082 440 4229**

## How te enter:

- eventry.co.za /events/2024-3 — scan
- eventeentry.co.za /events/2024-3 — online
- Wednesdays from 17:30, C/O Att Horak & Parftt — Achilles Club
- expert Kloppers, Loch Logan Waterfront, Monday-Saturday — In-store


REPORT CARD NOT
WHAT YOU EXPECTED
IN 2023?
PERMANENT
SOLUTION
NEUROFEEDBACK TRAINING FOR:
WE CAN HELP!
Any child has the potential to improve their ability to perform – yours too!
A non-invasive, brain building training system that has helped thousands of children.
ADD/ADHD
Improved Marks
Concentration & Focus
Memory
Confidence
Academic Ability
Contact Charene Aucamp
0825675639


Wheel Alignment
and Wheel Balancing
for only
R100
Available on Monday, Wednesday and Friday
Auto Pedigree Bloemfontein Service Centre
Visit us at 89 Oliver Tambo Rd, Oranjesig Bloemfontein
Call us: 051 816 0300 | bloemfonteinservice@autopedigree.co.za
T's and C's apply
RMI
miwa
AUTO PEDIGREE
You deserve a great deal!
SERVICE CENTRE